PASTORALE BRIEF

JULIE 2021

Die vrug van die Gees (v): vriendelikheid

Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.
Galasiërs 5:22-23

Nie almal is van nature ewe vriendelik nie. Party mense loop mos heeltyd met 'n glimlag op hulle gesig. As jy hulle iewers kry, móét jy maar net saam glimlag. Ander weer, dra net sulke breë glimlagte, maar in hulle geval maak dit jou altyd 'n bietjie ongemaklik. Dit voel net nie vir jou heeltemal eg nie. En dan is daar ook dié wie se tande jy amper nog nooit gesien het nie. Hulle is net nie van nature vriendelike, innemende mense nie.

Hoe nou gemaak met hierdie deel van die vrug van die Gees? Die Gees verander tog nie ons persoonlikhede, sodat ons ewe skielik almal joviale mense raak nie. Wat beteken dit dan, dat vriendelikheid deel van hierdie vrug is? Sal dit nie ook maar ietwat aangeplak wees nie? As jy dit forseer seker ja.

Maar as dit van binne kom, soos die Gees dit vra, is dit 'n ander storie. Dan is hierdie vriendelikheid eintlik niks anders as sigbare liefde, wat uit jou straal sodat mense dit nie kan miskyk nie. Jy dink tog nie dat 'n mens *regtig* lief kan wees vir ander, sonder om dit te wys nie. Daarom is vriendelikheid 'n wesentlike deel van die vrug wat die Gees in ons dra. Bid die Here om dit deel van jou lewe te maak, sodat mense kan sien dat jy hulle liefhet.